

# Militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): ‘n herwaarding na verloop van 100 jaar

ANDRÉ WESSELS\*

## 1. Inleiding

Die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog het tot hernieuwe belangstelling in hierdie konflik aanleiding gegee en gelei tot die publikasie van ‘n stroom nuwe akademiese, populêr-wetenskaplike en populêre boeke en artikels in tydskrifte en koerante. Temas wat besondere aandag geniet in sowel akademiese kringe as by ander navorsers en die skrywers van fiksie, is byvoorbeeld die aanloop tot die stryd, die rol wat vrouens en swart en bruin mense tydens die oorlog gespeel het en die impak wat die oorlog op hierdie mense gehad het – met spesiale verwysing na die konsentrasiekampe, verraad, die rol van die Kaapse en Natalse rebelle, die houding van die buiteland teenoor die oorlog, regsaspekte, godsdiens, mediese aspekte, kuns en kultuur, tegnologie, en die historiografie van die oorlog.

Dit is prysenswaardig dat temas wat in die verlede relatief gesproke afgeskeep is, tydens die honderdjarige herdenking besondere aandag geniet, maar dan moet nie uit die oog verloor word nie dat die stryd in die eerste plek ‘n bloedige militêre konflik was. Met die oog op die groeiende toerismebedryf wat saam met die

---

\* Prof. André Wessels ([wesselsa@hum.uovs.ac.za](mailto:wesselsa@hum.uovs.ac.za)) is verbonde aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. Sy jongste boek is *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902*, wat in 2000 in Engeland deur die Army Records Society uitgegee is. Hierdie artikel is gebaseer op die 30ste Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns wat op 19 September 2001 te Pretoria gelewer is.

hernieude belangstelling in die Anglo-Boereoorlog ontwikkel het, plaas toergidse en plaaslike geskiedenisnavorsers groot klem op die beleëringe, veldslae en ander botsings. Die gevaar bestaan egter dat die breër strategiese verloop en betekenis van die stryd verwaarloos kan word. Dus is dit gepas dat die militêre strategie wat tydens die Anglo-Boereoorlog deur die Britte en Boere gevolg is opnuut in oënskou geneem word. Die doel van hierdie artikel is dus om enersyds te bepaal wat die aard en omvang van die Britte en Boere se strategiese beplanning (indien enige) was wat die oorlog voorafgegaan het, en andersyds aan te dui hoe hulle hul strategieë geïmplementeer het, en verder te let op die implikasies van die strategieë vir die militêre verloop van die oorlog en vir die burgerlike bevolking van die oorlogsgebied.<sup>1</sup> Ten einde die strategieë wat tydens die oorlog deur Boer en Brit geïmplementeer is na behore te begryp, moet ten eerste kortliks gelet word op wat strategie presies is, en wel in onderskeiding van taktiek.

## 2. Militêre strategie: 'n kort teoretiese oriëntering

Tradisioneel word oorwinning as die hoofdoel van oorlog beskou.<sup>2</sup> Streng gesproke is vrede egter die ware doel van oorlog en is oorwinning slegs 'n middel tot die vredesdoel – anders is die 'vrede' wat op 'oorwinning' volg slegs 'n wapenstilstand.<sup>3</sup> Hoewel oorlog in die eerste plek beteken dat opponerende gewapende magte in bloedige botsings met mekaar om oppergesag wedywer, kan oorlog ook as 'n instrument van nasionale beleid en dus ook as die voortsetting (of uitvloeisel) van politiek (politieke beleid) en diplomatie beskou word.<sup>4</sup> Oorlog is dus nooit 'n suiwer militêre verskynsel nie,<sup>5</sup> en ook nooit 'n doel op sigself nie.<sup>6</sup> Voortbouend op Carl von Clausewitz se idees, kan tereg beweer word dat oorlog

- 
1. Kyk deurgaans ook L. SCHOLTZ, *Waarom die Boere die oorlog verloor het* (Protea Boekhuis, Pretoria, 1999). Scholtz se boek bied veel meer agtergrond en die belangstellende leser word aangemoedig om dit te bestudeer.
  2. SUN TZU, *The art of war* (Oxford University Press, London, 1978), p. 73. Kyk ook [H.] TOVEY, *The elements of strategy* (Rees, London, 1904), pp. 56-57 en in die algemeen ook M.I. HANDEL, *Masters of war: classical strategic thought* (3de uitgawe, Frank Cass, London en Portland [VSA], 2001), *passim*.
  3. J.F.C. FULLER, *The conduct of war, 1789-1961: a study of the impact of the French, industrial, and Russian revolutions on war and its conduct* (Eyre Methuen, London, 1972), p. 76.
  4. Kyk Carl von Clausewitz se bekende, invloedryke boek *Vom Kriege* – vertaal as *On War* (Routledge & Paul, London, 1968). In hierdie artikel word deurgaans na laasgenoemde vertaling verwys.
  5. A. BEAUFRE, *Strategy of action* (Faber, London, 1967), p. 28.
  6. R. HOBBS, *The myth of victory: what is victory in war?* (Westview Press, Boulder, 1979), p. 501.

die voortsetting van politiek met die wapen in die hand is.<sup>7</sup> Die doel van oorlog is dus om 'n beter vrede deur middel van oorwinning te verseker – met opponerende partye wat uiteiraard elk hul eie idees omtrent die ideale uitkoms het.

Die besluit om tot oorlog oor te gaan is 'n politieke besluit. Hoewel die militêre die oorlog moet voer, doen hulle dit gewoonlik onder leiding van politici en met die uiteindelijke politieke doelwitte voor oë. 'n Goed uitgewerkte militêre plan (strategie) is 'n basiese voorwaarde vir sukses tydens 'n gewapende konflik.

Die woord *strategie* is afgelei van die Griekse woord *strategos* wat *generaal* of *veldheer* beteken. Onder strategie word dus verstaan die kuns om soldate, skepe en dies meer op die voordeligste wyse te ontplooi en aan te wend. 'n Ander woord vir strategie is krygskunde – dit wil sê die leer en wetenskap van oorlogvoering. Strategie dra ook die volgende betekenis: die kuns om militêre operasies te kan beplan; die kuns van oorlogvoering en van opperbevelvoering; veldheerkuns of generaalskap; 'n plan wat in besonderhede uitgewerk is om byvoorbeeld 'n militêre en/of politieke doel te bereik. Strategie is daarop gerig om die vyand onder die voordeligste omstandighede te ontmoet.<sup>8</sup>

Strategie is dus 'n omvattende begrip en 'n komplekse kombinasie van kuns en wetenskap. Dit het te make met beplanning op groot skaal en op hoë vlak. Hoewel strategie op sigself teoreties van aard is, is dit op die praktyk gerig. In die militêre sin van die woord, is strategie op oorlog (gewapende konflik) gerig en benodig dit taktiek om dit in die praktyk te implementeer.

Die Pruisiese krygsfilosoof en generaal Carl Maria von Clausewitz (1780-1831) – na wie vroeër reeds verwys is – kan as die grondlegger van moderne strategie beskou word. Hy het strategie onder meer as die teorie van die ontplooiing van gewapende magte beskou. Hy het ook benadruk dat strategie alle militêre optrede moet rig en dat dit buigbaar en aanpasbaar moet wees.<sup>9</sup>

Die Britse militêre teoretikus, historikus en biograaf, sir Basil Liddell Hart (1895-1970), het dit duidelik gestel dat strategie 'n situasie moet skep waarbinne gevegte onder gunstige omstandighede kan plaasvind. Hy het ook 'n onderskeid getref tussen gewone militêre strategie (wat ten doel het om die oorlog te wen) en makrostrategie (Engels: *grand strategy*) wat te doen het met pogings om die vrede te wen. Die tipe vrede wat verlang word, moet dus deurgaans in gedagte gehou word. Hoe wreder jou oorlogsmetodes, des te bitterder maak jy jou opponent en hoe meer

---

7. W.L.C. VON DER GOLTZ, *The nation in arms* (W.H. Allen & Co., London, 1887), p. 112.

8. A. WESSELS, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase* (D.Phil., U.O.V.S., 1986), pp. 7-9.

9. C. VON CLAUSEWITZ, *On war*, pp. 178, 241.

word sy weerstand versterk. Volgens hom is die beste strategie die indirekte benaderingswyse (indirekte strategie).<sup>10</sup>

In die algemeen kan strategie omskryf word as die ontwikkeling en aanwending van 'n land se volle nasionale vermoë in sowel oorlogs- as vrede tyd om sowel binnelandse as buitelandse nasionale oogmerke te verwesenlik. Militêre strategie kan gevolglik beskou word as die aanwending van 'n staat se militêre vermoëns, met die oog daarop om bepaalde militêre – maar veral politieke – oogmerke te verwesenlik.<sup>11</sup> Hoewel militêre strategie gewoonlik aan operasionele strategie gelykgestel word, beskik dit, naas die operasionele, ook nog oor byvoorbeeld logistieke en tegnologiese dimensies. Geen strategie kan immers operasioneel slaag indien dit nie suksesvol logisties ondersteun word nie. Verder, ten einde strategie prakties te implementeer, word taktiek benodig.

Taktiek kan onder meer beskou word as die kuns om oorlogsmagte op te stel, te ontplooi en gedurende 'n geveg aan te wend; en ook as die leer van gevegvoering. Taktiek het dus te make met die ontplooiing van oorlogsmagte binne die raamwerk van die strategie wat reeds uitgewerk is.<sup>12</sup> Strategie bepaal *waar* geveg sal word, logistiek bring die soldate en toerusting tot op die gevegsterrein, en taktiek bepaal *hoe* daar geveg sal word.<sup>13</sup> Taktiek kan as operasionele strategie en as die skerp kant van strategie beskou word.

Strategie en taktiek is dus onderskeibare, maar nie skeibare begrippe nie. Waar die strategiese opmars 'n opmars *na* die slagveld impliseer, beteken die taktiese opmars 'n opmars *op* die slagveld.<sup>14</sup> Strategie het te make met die breë oorlogsplan. As *krygsplan* is strategie dus teoreties van aard. Taktiek implementeer die strategie in die praktyk – met ander woorde in die gevegsituasie. Dit is die taak van taktiek om die gestelde strategiese doelstellings te verwesenlik. Om enigsins van waarde te wees, moet taktiek binne die raamwerk van 'n weldeurdagte strategie geïmplementeer word, want hoewel strategie van taktiese sukses afhanklik is, is taktiese sukses op sigself nie veel werd nie. Dus is strategie altyd primêr en taktiek sekondêr – en gevolglik ondergeskik aan strategie, hoewel nie daarom van minder belang nie. Trouens, geen strategie kan slaag as dit nie op taktiese vlak suksesvol uitgevoer word nie.

- 
10. B.H. LIDDELL HART, *The strategy of indirect approach* (Faber and Faber, London, s.a. ), pp. x-xi, 190, 194, 202, 205, 207.
  11. M. HOUGH en N. MARAIS, *Verklarende woordelys van strategiese terme 1* (Instituut vir Strategiese Studies, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1983), p. 19.
  12. A. WESSELS, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp. 19-20.
  13. [H.] TOVEY, *The elements of strategy*, p. 14.
  14. B.H. LIDDELL HART, *The strategy of indirect approach*, p. 200.

Strategie berei voor en beplan, maar taktiek moet die seël van sukses daarop plaas.<sup>15</sup> Volgens die amptelike Britse infanteriehandboek wat aan die begin van die Anglo-Boereoorlog in gebruik was, is strategie die kuns om die vyand tot slag te bring, terwyl taktiek die metodes is waardeur die vyand verslaan moet word sodra hy tot slag gebring is.<sup>16</sup> Taktiek het dus te make met gevegte, terwyl strategie hierdie gevegte binne die raamwerk van die veldtog orkestreer.<sup>17</sup> Strategie word op kaarte (soms selfs in die stilte van 'n studeerkamer) beplan, en deur middel van taktiek (te midde van oorlogsrumoer, dood en verwoesting) in die praktyk geïmplementeer.

Militêre strategiese beplanning val in drie fases uiteen. Ten eerste moet die oorlogsbeleid geformuleer en doelstellings bepaal word. Ten tweede is daar die voorbereidingsfase waartydens strategiese inligting bekom, die militêre bedreiging/opponent(e) geëvalueer, op oorlog voorberei, en die eie magte georganiseer, opgelei en gekoördineer word. Ten derde is daar die bewegingsfase waartydens die eie magte ontplooi word. Hierna volg die taktiese uitvoering van die strategie deurdat kontak met die vyand bewerkstellig word en daar gepoog word om die vyand te verslaan.<sup>18</sup>

Vervolgens word kortliks op die beginsels van militêre strategie gelet. As middel tot 'n doel is strategie 'n metode en omvattende plan om 'n bepaalde doel te bereik. Ten einde sukses te probeer verseker, moet 'n plan nie na willekeur uitgewerk word nie, maar wel ooreenkomstig sekere beginsels. Hierdie beginsels bepaal die aard van die metode, terwyl die metode weer die grondslag van die tegniek bepaal. In oorlogstyd is taktiek die tegniek wat die metode in die praktyk realiseer.

Strategie moet 'n brug span tussen dit wat gegee (beskikbaar) is en dit wat bereik wil word. Oorlog kan slegs suksesvol gevoer word indien 'n goeie strategie vooraf uitgewerk word, en wel deur beide die praktiese situasie voorhande én die beginsels van strategie in gedagte te hou, en die strategie daarna deur middel van goeie taktiek te implementeer.

Militêre denkers en aanvoerdere verskil egter oor die bestaan en geldigheid van strategiese beginsels. Hoewel Napoleon Bonaparte (1769-1821) erken het dat daar sekere oorlogsbeginsels bestaan,<sup>19</sup> het hy gewaarsku dat daar geen dogmatiese reëls

---

15. W.H. JAMES, *Modern strategy: an outline of the principles which guide the conduct of campaigns, to which is added a chapter on modern tactics* (Blackwood, Edinburgh, 1904), p. 157.

16. G.F.R. HENDERSON, *The science of war: a collection of essays and lectures, 1892-1903* (Longmans, Green, London, 1905), p. 39.

17. P. O'SULLIVAN en J.W. MILLER, *The geography of warfare* (Croom Helm, London, 1983), p. 47.

18. J. HATTENDORF, "Technology and strategy" in B.M. SIMPSON (red.), *War, strategy and maritime power* (Rutgers University Press, New Brunswick, 1977), p. 31.

19. F. FOCH, *The principles of war* (Chapman & Hall, London, 1918), p. 9.

vir oorlog is nie.<sup>20</sup> Von Clausewitz het gesê dat daar geen voorskriftelike oorlogsbeginsels is nie, maar hy het nogtans die bestaan van algemene oorlogsbeginsels erken.<sup>21</sup> Die Franse veldmaarskalk en militêre denker, Ferdinand Foch (1851-1929), het op sy beurt nie slegs die bestaan van strategiese beginsels erken nie, maar hulle ook hoog aangeslaan. Volgens hom kan die beginsels slegs afgelei word deur 'n studie van militêre geskiedenis te maak.<sup>22</sup> Daar sou egter ook beweer kon word dat strategiese beginsels op grond van algemene kennis geformuleer kan word en dat oorlogsreëls 'common sense'-reëls is;<sup>23</sup> met ander woorde dat die beginsels van strategie slegs 'n poging is om militêre 'common sense' te rasionaliseer en te kategoriseer.

Hoewel sommige beweer dat die beginsels van strategie onveranderlik is, het oorlogskuns geen vaste wette nie. Strategiese beginsels is dus veranderlik en moet voortdurend, waar nodig, aangepas word. Op grond van etlike duisende jare se oorlogvoering en praktiese militêre ervaring, kan sekere basiese militêre beginsels afgelei word. Hierdie beginsels is egter nie die bestanddele van 'n resep wat, indien in die regte verhouding gemeng, tot oorwinning sal lei nie. Hulle is slegs gidse wat die weg tot oorwinning kan belig. Strategiese beginsels kan, wanneer nagevolg en reg toegepas, probleme oplos. Die onverwagte is egter die mees algemene reël in oorlog.<sup>24</sup>

Hoewel die beginsels van strategie fundamentele waarhede is wat oorlog ten grondslag lê, en as die belangrike gidse vir 'n suksesvolle veldtog kan dien,<sup>25</sup> sal die slaafse navolging van die beginsels nie oorwinning waarborg nie, net soos wat oortreding of afwyking daarvan 'n bevelvoerder nie noodwendig tot neerlaag verdoem nie. Oorlogsbeginsels mag nooit in die weg van kreatiwiteit staan nie.<sup>26</sup> Die Mongoolse krygman en heerser Genghis Khan (*ca.* 1162-1227), en die Spaanse avonturiers Hernán Cortés (1485-1547) en Francisco Pizarro (*ca.* 1475-1541) het nooit formele militêre of strategiese opleiding ondergaan nie, maar het nogtans heelwat militêre sukses behaal. Net so kan die Boere se relatiewe welslae

---

20. L.E. HENRY, *Napoleon's war maxims with his social and political thought* (Gale and Polden, London, *s.a.*), pp. 29-30.

21. B. BRODIE, *War and politics* (Cassell, London, 1974), p. 446.

22. F. FOCH, *The principles of war*, p. 7.

23. F. HARRIS, *How to beat the Boer: a conversation in Hades* (Heinemann, London, 1900), p. 7.

24. F. MAURICE, *British strategy: a study of the application of the principles of war* (Constable, London, 1929), pp. 1, 47-48.

25. J.I. ALGER, *The quest for victory: the history of the principles of war* (Greenwood Press, Westport, 1982), pp. xviii, 4.

26. H.E. ECCLES, *Military concepts and philosophy* (Rutgers University Press, New Brunswick, 1965), p. 115.

tydens die eerste vier maande van die Anglo-Boereoorlog ook nie aan formele krygswetenskaplike opleiding toegeskryf word nie.

Teen die tyd dat die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 uitbreek het, het die Britte egter etlike jare lank reeds krygskunde op wetenskaplike wyse bestudeer en het alle Britse stafoffisiere formeel met die beginsels van strategie kennis gemaak – veral danksy die werk van die krygshistorikus Henry Spenser Wilkinson (1853-1937); Edward Bruce Hamley (1824-1893, eerste professor in Geskiedenis aan die Stafkollege te Camberley); en die militêre denker, skrywer en historikus George Francis Robert Henderson (1854-1903).<sup>27</sup>

Die volgende beginsels van strategie was teen 1899 welbekend: tyd en ruimte as fundamentele faktore van strategie, mobiliteit (beweeglikheid), offensiewe aksie, sekerheid (sekuriteit, veiligheid of voorsorg), verrassing, die ekonomiese aanwending van mag, die vrye beskikbaarheid van mag, vryheid van aksie, kragdadige agtervolging, manewrering, superioriteit, inligting, aanpasbaarheid, samewerking, konsentrasie van mag, leierskap, en eenvoud van plan. Die volgende sake of faktore moet ook in ag geneem en strategies verreken word: die doelwit, die openbare mening, en die moreel van die eie en opponerende magte.<sup>28</sup> Die beginsels van strategie is onderskeibaar maar nie skeibaar nie. Daar bestaan 'n samehang tussen die beginsels en hulle moet gekoördineerd toegepas word.

### **3. Die Britte se militêre strategie**

Die Britse strategie wat tydens die oorlog gevolg is en die probleme wat ondervind is, kan slegs teen die agtergrond van die sterkte en administrasie van die Britse leër begryp word. Die terugslae wat die Britte aanvanklik ondervind het, kan onder meer na probleme in die leër se administratiewe struktuur teruggevoer word. Die Britte het die oorlog oor die algemeen egter ook verkeerd benader en hul leër was nie werklik opgelei vir 'n oorlog teen onkonvensionele, dog goed bewapende Boere nie. 'n Tekort aan fondse, 'n wanverhouding tussen lord Wolseley (die opperbevelhebber van die Britse Leër, 1895-1900) en lord Lansdowne (die Britse Minister van Oorlog, 1895-1900), en 'n gebrekkige inligtingstelsel het sake verder bemoeilik.

---

27. Kyk bv. B. BOND, *The Victorian Army and the Staff College, 1854-1914* (Eyre Methuen, London, 1972) en A.R. GODWIN-AUSTEN, *The staff and the Staff College* (Constable, London, 1927).

28. Kyk bv. J. BIGELOW, *The principles of strategy, illustrated mainly from American campaigns* (Greenwood Press, New York, 1968) en J.M. COLLINS, *Grand strategy: principles and practices* (Naval Institute Press, Annapolis, 1973) en die boeke van Alger, Foch, Henry, James en Maurice waarna reeds vroeër verwys is.

Uit die getuienis wat vanaf 8 Oktober 1902 tot 10 Junie 1903 voor die Elgin-kommissie (wat aangestel is om die Britse optrede tydens die Anglo-Boereoorlog te ondersoek) gelewer is, blyk dit dat daar ernstige probleme rakende strategiese aangeleenthede was. Daar was inderdaad geen duidelik geformuleerde strategie nie en die kommunikasie op die vooraand van die oorlog tussen die bevelvoerders in Suid-Afrika en die Britse opperbevel in Brittanje was nie altyd na wense nie. Die feit dat Wolseley dit aan genl. sir Redvers Buller (wat as opperbevelhebber na Suid-Afrika gestuur is) oorgelaat het om self 'n strategie ter plaatse uit te werk, was nie 'n wyse besluit nie. Die foute wat voor die oorlog gemaak is, het in 'n sekere sin die verloop van die res van die oorlog beïnvloed en was deurslaggewend vir die latere Britse strategie.<sup>29</sup>

Die hoofdoel van die Britse militêre strategie was uiteraard om die Boere militêr te verslaan sodat die twee Boererepublieke aan Britse gesag onderworpe sou wees. Oorlog is dus gebruik om 'n politieke ideaal te verwesenlik. Daar was egter geen goeie voorafuitgewerkte militêre strategie om hierdie doel te bereik nie.<sup>30</sup> Sedert 1896 het die Britse leerleiding byvoorbeeld verkeerdelik geredeneer dat indien Pretoria, Johannesburg en die res van die goudryke Witwatersrand ingeneem is, die *Zuid-Afrikaansche Republiek* (ZAR, oftewel Transvaal) vir alle praktiese doeleindes verslaan sou wees.<sup>31</sup> Hierdie was 'n oorvereenvoudiging van die strategiese uitdagings in Suid-Afrika en was 'n basiese strategiese denkfout wat tot aan die einde van 1900 deur die Britse opperbevelhebbers gemaak is – met ernstige nadelige gevolge vir die Britse oorlogspoging.

\* \* \*

Op 1 Oktober 1899 het die Britse leer uit 'n staande mag van 235 602 soldate (alle range) bestaan, waarvan 107 739 in Brittanje, 68 939 in Indië en die res in Egipte en in die ander kolonies gestasioneer was. Slegs 22 104 soldate was op daardie stadium in of onderweg na Suid-Afrika.<sup>32</sup> Verder was daar 110 826 milisie en 229 854 vrywilligers tot die beskikking van die Britse leer. Indien die uitgestrektheid van die Britse Ryk met al sy potensiële konfliksones in ag geneem

---

29. Wat betref die Elgin-kommissie, kyk Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa (Cd. 1789, H.M.S.O., London, 1903); Royal Commission on the war in South Africa: minutes of evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa 1 en 2 (Cd. 1790 en Cd. 1791, H.M.S.O., London, 1903); Royal Commission on the war in South Africa: appendices to the minutes of evidence taken before the Royal Commission on the war in South Africa (Cd. 1792, H.M.S.O., London, 1903).

30. Cd. 1789, p. 3.

31. Cd. 1789, p. 165: Bylae B – Memorandum deur sir John Ardagh, Oktober 1896.

32. In hierdie artikel word *Suid-Afrika* deurgaans in die geografiese sin van die woord gebruik.



word, was die Britse Leër eintlik baie klein. Gevolglik was daar nie genoeg staandemagde of reserwes wat onmiddellik na Suid-Afrika gestuur kon word nie.<sup>33</sup>

Aangesien die Britte aan die begin van die Anglo-Boereoorlog oor te min soldate beskik het en die leërkorps (ekspedisiemag) van ongeveer 46 000 man onder bevel van Buller eers meer as 'n maand nadat vyandelikhede uitgebreek het in Suid-Afrika aangekom het, was die Britte se strategiese moontlikhede aanvanklik beperk. Gevolglik moes hulle noodgedwonge 'n verdedigende strategie volg tot tyd en wyl genoeg soldate in die oorlogssone aangekom het. Weldra het dit geblyk dat ook Buller se ekspedisiemag te klein was om die onkonvensionele Boeremagte te verslaan.

Aan die tuisfront in Brittanje is strategiese beplanning onder meer gekortwiek deurdat die Oorlogsministerie (*War Office*) se werksaamhede belemmer is deur die groot aantal ongekoördineerde komitees en rade en die gebrek aan onderlinge raadpleging.<sup>34</sup> Boonop is die opperbevelhebber se posisie aan bande gelê deurdat sy ondergeskiktes direk met die Minister van Oorlog kon skakel en omgekeerd.<sup>35</sup> 'n Burgerlike, Lansdowne (Minister van Oorlog), was dus die *de facto* opperbevelhebber van die Britse leër. Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was die opperbevelhebber (Wolseley) se posisie dus onseker en daar was te veel politieke inmenging in militêre sake.

Die Britse regering het die militêre leiers in die duister gehou wat betref hul ware politieke doelwitte in Suid-Afrika. Verder het sowel die Britse politieke as militêre leiers die Boere se militêre vermoëns onderskat. Die Britte se grootste flater was egter die feit dat hulle geen weldeurdagte of duidelike veldtogplan voor die tyd opgestel het nie. Toe lt.-genl. F.W.E. Forestier-Walker op 6 September 1899 die bevelvoerende generaal aan die Kaap geword het, het hy geen spesifieke opdragte gehad nie, selfs nie eens rakende die verdediging van die kolonie nie.<sup>36</sup>

Later het ook Buller en lord Roberts geen spesifieke strategiese bevele ontvang nie. Dit is aan die onderskeie opperbevelhebbers oorgelaat om self 'n strategie ter plaatse uit te werk. Lansdowne het beweer dat dit nie ongewoon was dat 'n bevelvoerende generaal geen volledige of gedetailleerde instruksies ontvang het nie,<sup>37</sup> maar die Elgin-kommissie was die mening toegedaan dat selfs al het dit beteken dat 'n bevelvoerder se diskresie aan bande gelê moes word, hy nogtans

---

33. Cd. 1789, p. 34.

34. Cd. 1789, p. 138.

35. Cd. 1789, p. 14.

36. Cd. 1791, pp. 93-94: Forestier-Walker se antwoord op vrae 12 660 en 13 661.

37. Cd. 1791, p. 514: Lansdowne se antwoord op vraag 21 234.

van basiese planne, wat deur kenners uitgewerk is, voorsien moes word. Hy kon die planne dan na goeddunke aanpas.<sup>38</sup>

Wolseley het erken dat hy as opperbevelhebber geen operasionele opdragte aan die leër gegee het nie. Die leërkorps wat aan die begin van die oorlog na Suid-Afrika gestuur is, is dus bloot tot die bevelvoerende generaal (Buller) se beskikking gestel en hy moes dit na goeddunke aanwend.<sup>39</sup> Die strategie wat in Suid-Afrika geïmplementeer is, is dus aanvanklik deur Buller, later deur Roberts en uiteindelik deur lord Kitchener uitgewerk. Aanvanklik het die Britte inderdaad oor geen duidelik geformuleerde strategie beskik nie.

Nogtans het die Britte gedink dat hulle die oorlog maklik sou wen. Die psalmsingende Boerevolksleërs is as primitief beskou en nóg die Britse regering nóg die Britse publiek het die potensiële aard en omvang van die komende stryd besef.<sup>40</sup> Gevolglik het hulle ook nie die oorlog ernstig genoeg opgeneem nie.<sup>41</sup> Hulle was lighartig en optimisties toe die oorlog uitbreek<sup>42</sup> en het hul op 'n kort stryd voorberei.<sup>43</sup> Die feit dat die Britse leër in die voorafgaande 50 jaar in talle oorloë geseëvier het oor mense in Afrika en Asië wat – in terme van Europese militêre standaarde, opleiding en bewapening – ongesofistikeerd was, het die Britse regering oortuig dat die oorlog nie lank sou duur nie. In 'n memorandum gedateer 8 Junie 1899 het Wolseley die hoop uitgespreek dat militêre operasies so gou as moontlik moes begin, sodat die stryd teen November 1899 iets van die verlede kon wees!<sup>44</sup>

Die Britse leër se inligtingsdiens moes die opperbevelhebber van al die nodige inligting vir die verdediging van die Britse Ryk voorsien en die Britse leër bystaan in voorbereidings vir sowel offensiewe as defensiewe operasies. Genl.-maj. J.C. Ardagh was vanaf 1896 tot 1901 die direkteur-generaal van militêre inligting en twaalf handleidings is met die oog op 'n oorlog in Suid-Afrika opgestel.<sup>45</sup> Gegewe die inligtingsdiens se beperkte mannekrag en finansiële middele, het hulle hul besonder goed van hul taak gekwyt, maar die Britse regering en vooraanstaande leëroffisiere het nie altyd die waarde van die inligtingsdiens besef nie. Die inligting

---

38. Cd. 1789, p. 23.

39. Cd. 1790, p. 376: Wolseley se antwoord op vraag 8 938.

40. A.T. MAHAN, *The story of the war in South Africa, 1899-1900* (Sampson Low, Marston & Co., London, 1900), p. 73.

41. W.B. PEMBERTON, *Battles of the Boer War* (Batsford, London, 1964), p. 17.

42. L.S. AMERY, (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 3 (Sampson Low, Marston & Co., London, 1905), p. 1.

43. W.B. PEMBERTON, *Battles of the Boer War*, pp. 33-36.

44. Cd. 1789, p. 262: Bylae D - Wolseley-Lansdowne, 8.6.1899 (memorandum).

45. Cd. 1789, p. 156: Bylae A - Verklaring deur die Inligtingsdiens.

wat bekom is, is nie altyd na waarde geskat of in strategiese beplanning gebruik nie.

Nog 'n faktor wat strategiese beplanning gekortwiek het, was die wrywing tussen militêre en politieke leiers. Hier word veral gedink aan botsings tussen Wolseley en Lansdowne en die spanning tussen die amptenare in Brittanje en diegene in Suid-Afrika, en tussen die militêre en politieke amptenare in Suid-Afrika. Hierin het sir Alfred (later lord) Milner (die Britse hoë kommissaris vir Suid-Afrika en goewerneur van die Kaap) 'n prominente rol gespeel. Hoewel hy nie die militêre strategie as sodanig geformuleer het nie, het hy met verloop van tyd al hoe meer by militêre sake betrokke geraak. Hy was verantwoordelik vir die streng krygswetmaatreëls wat in die Kaapkolonie afgekondig is.<sup>46</sup> Hy het ook die politieke strategie en politieke doelwitte medebepaal. Deur op onvoorwaardelike oorgawe aan te dring en geen toegewings aan die Kaapse rebelle te maak nie, het hy meegedoen aan die mislukking van die Middelburg-vredesamesprekings van Februarie-Maart 1901<sup>47</sup> en sodoende die militêre stryd met nog meer as 'n jaar verleng.

Indien Brittanje (soos Duitsland) oor 'n generale staf beskik het, sou die leër meer outonoom kon optree.<sup>48</sup> Aangesien so 'n liggaam nie bestaan het nie, was daar voor die Anglo-Boereoorlog heelwat wrywing tussen die militêre en politieke leiers. Die politici het die doelwitte bepaal; die militêre moes dit verwesenlik. Om dit te kon doen, het hulle egter middele soos geld, soldate en tyd nodig gehad – en dit moes deur die politici voorsien word. Aangesien dit in die praktyk nie altyd gebeur het nie, het spanning tussen die politici en militêre ontstaan. Persoonlikheidsbotsings het die situasie vererger en intriges het die moreel benadeel. Dit alles het daartoe gelei dat strategiese beplanning agterweë gebly het.

As gevolg van 'n gebrek aan fondse is daar nie vroeg genoeg of voldoende vir die naderende stryd in Suid-Afrika voorberei nie. Lansdowne het medeverantwoordelikheid met die Britse kabinet aanvaar vir die feit dat genoeg geld nie vroegtydig vir militêre voorbereidings bewillig is nie.<sup>49</sup> As die verantwoordelike minister moes hy egter beter militêre insig aan die dag gelê het, ag geslaan het op Wolseley se versoeke, en by die regering om meer geld aangedring het. Dan sou meer versterkings ook na Suid-Afrika gestuur kon word en sou die Britte van meet af aan 'n offensiewe strategie kon volg.

---

46. L.S. AMERY (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 6 (Sampson Low, Marston & Co., London, 1909), pp. 544-572.

47. *Ibid.*, 5 (Sampson Low, Marston & Co., London, 1907), pp. 183-193. Kyk ook S.J. DU PREEZ, *Vredes pogings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901*, (M.A., U.P., 1977).

48. W.S. HAMER, *The British Army: civil-military relations, 1885-1905* (Clarendon, Oxford, 1970), p. 40.

49. Cd. 1791, p. 508: Lansdowne se antwoord op vraag 21 154.

Aangesien die Britse Leër op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog nie oor 'n generale staf of oor 'n afdeling beskik het wat strategiese beplanning moes doen nie, is strategiese opsies bloot informeel in Britse militêre kringe bespreek. Faktore wat verreken moes word en sake waaroor uitsluitel verkry moes word, was byvoorbeeld geografiese faktore (insluitende die topografie van die oorlogsone en die beskikbaarheid van water), die beskikbare infrastruktuur (byvoorbeeld spoorlyne), die posisie van die Oranje-Vrystaat (sou die OVS neutraal bly of aan die kant van die ZAR toetree?), die verdediging van Natal (waar die meeste Britse soldate hul aanvanklik bevind het) en die verdediging van die Kaapkolonie (met uitgebreide grense om te verdedig).<sup>50</sup> Buller het uiteindelik besluit om sy ekspedisiemag aan die Gariep(Oranje)-rivier te konsentreer vir 'n direkte inval in die OVS. Die feit dat die Boere die inisiatief geneem en 'n omvattender offensief geloods het as wat verwag is, het die Britte se planne egter omvergewerp.<sup>51</sup>

Die Britte se 'strategie' op die vooraand van die oorlog het om ten minste twee basiese redes misluk: ten eerste, omdat hulle verkeerdelik geredeneer het dat die garnisoen in Natal sterk genoeg was om dié kolonie te verdedig, en ten tweede omdat hulle verkeerdelik geredeneer het dat die Britse garnisoen in Suid-Afrika plus Buller se leërkorps voldoende sou wees om met die twee Boererepublieke af te reken. As gevolg van die gebrekkige strategiese beplanning wat die oorlog voorafgegaan het, was die Britte teen 17h00 op 11 Oktober 1899, toe die oorlog formeel uitgebreek het, strategies gesproke by voorbaat met hul rug teen die muur. 'n Geruime tyd sou verloop alvorens hul tot offensiewe aksie sou kon oorgaan. In welke mate die Boere daarop voorberei was om dié strategiese situasie tot hul eie voordeel uit te buit, kom vervolgens aan die bod.

#### 4. Die Boere se militêre strategie<sup>52</sup>

Die bevelvoerders wat die volksleërs van die twee Boererepublieke te velde teen die Britse leër moes aanvoer, was, anders as hul Britse eweknieë, nie opgeleide militariste nie. Die Boere se polities-strategiese doel was om hul republikeinse onafhanklikheid te behou, maar dit is nie moontlik om sonder enige twyfel aan te dui dat hulle 'n weldeurdagte militêre strategie gehad het om hierdie doel te bereik

---

50. A. WESSELS, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp. 258-299.

51. J. SELBY, *The Boer War: a study in cowardice and courage* (Barker, London, 1969), p. 49.

52. Kyk in die algemeen A. WESSELS, "Die Boere se strategie aan die begin van die Anglo-Boereoorlog", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 39(3 en 4), Sept. en Des. 1999, pp. 227-242.

nie; trouens, dit wil voorkom of hulle geen behoorlik uitgewerkte militêre strategie gehad het nie. Volgens die ZAR se staatsekretaris (en voormalige OVS-president), F.W. Reitz, was die Boere se ‘plan of campaign’ bloot om die Britse soldate wat op of naby die Transvaalse grens saamgetrek het (byvoorbeeld te Newcastle, Dundee en Ladysmith) af te sny van die versterkings wat in aantog was.<sup>53</sup>

Hoewel die ZAR se kommandant-generaal, Piet Joubert, en president, Paul Kruger, by geleentheid goeie strategiese insig geopenbaar het, was veral Joubert nie altyd bereid om dit in die praktyk toe te pas nie. Laasgenoemde was immers ‘n pasifis en dit wil soms voorkom of hy ‘n oorlog wou voer sonder om bloed te vergiet!<sup>54</sup> Die moontlikheid bestaan egter dat indien Boerebevelvoerders soos Hertzog, Smuts, Louis Botha, Christiaan de Wet en Koos de la Rey van meet af aan in bevelsposisies was, hulle in staat sou wees om ‘n weldeurdagte strategie uit te werk.

Veral J.C. Smuts, die ZAR se bekwame staatsprokureur, het voor die oorlog reeds daarop gewys dat, indien die Boere enigsins ‘n kans op oorwinning wou staan, hulle van meet af aan die strategiese inisiatief moes neem. Op versoek van die Transvaalse Uitvoerende Raad het Smuts sy idees omtrent die naderende konflik uiteengesit, maar weens ongesteldheid kon hy dit nie persoonlik voorlê nie. In die memorandum wat bewaar gebly het,<sup>55</sup> het Smuts dit duidelik gestel dat ten einde ‘n kans op oorwinning te staan, die Boere reg aan die begin van die stryd (wanneer daar nie baie Britse soldate in die oorlogsgebied was nie) die oorhand oor die vyand moes bekom. Deur middel van offensiewe aksie moes die Boere die stryd na Britse grondgebied neem, self besluit waar en wanneer geveg sou word en die vyand demoraliseer. Die Boere moes Natal verower (met die hawestad Durban as hoofteiken) en die spoorverbinding tussen die Kaapkolonie en Rhodesië verbreek. Smuts het besef dat die Boere nie graag as aggressors gebrandmerk wou word nie, maar het tereg daarop gewys dat, wanneer alle pogings om ‘n probleem vreedsaam te besleg misluk het, daar voortaan suiwer krygskundig geredeneer moes word.

Smuts het ‘n voortreflike en omvattende militêre veldtogplan bedink, maar hy het nie die ouer politici en aanvoerders wat die Boere se strategie sou bepaal, beïndruk nie, en sy strategie is in wese geïgnoreer. Só het die Boere ‘n gulde (en dalk hul enigste) geleentheid verspeel om die oorlog te wen of ten minste die Britte – soos

---

53. W.J. LEYDS, *Tweede verzameling (correspondentie 1899-1900)* 1(1) (Geuze, Den Haag, 1930), pp. 31-32: F.W. Reitz-W.J. Leyds, 1.10.1899 (brief). Reitz gebruik in hierdie Nederlandse brief die Engelse uitdrukking “plan of campaign” om die Boere se eenvoudige, selfs naïewe “strategie” te beskryf.

54. C. HILLEGAS, *With the Boer forces* (Methuen, London, 1900), p. 182.

55. Smuts het sy idees aan sy vrou, Isie, gedikteer. Die oorspronklike Nederlandse teks, tesame met ‘n Engelse vertaling, is gepubliseer in W.K. HANCOCK en J. VAN DER POEL (reds.), *Selections from the Smuts Papers* 1 (Cambridge University Press, Cambridge, 1966), pp. 314-321.

aan die einde van die Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881) die geval was – te dwing om op die grondslag van (vir die Boere) gunstige voorwaardes oor vrede te onderhandel.

In die praktyk het die Boere ‘n geïmproviseerde strategie geïmplementeer. Afgesien van die strewe om hul onafhanklikheid te behou, is die strategie ook deur talle ander faktore en oorweegredes beïnvloed. Die relatief maklike oorwinnings en sukses wat die Transvalers tydens hul vryheidsoorlog van 1880 tot 1881 oor die Britte behaal het,<sup>56</sup> het by baie Boere die idee laat posvat dat hulle hul ou vyand in die naderende oorlog net so maklik sou verslaan. Hul eie vermoëns is oorskat en dié van die Britte onderskat. Hulle het ook uit die oog verloor dat in 1880 tot 1881 geeneen van die sewe beleërde Britse garnisoene tot oorgawe gedwing is nie en dat hul grootste oorwinning (te Amajuba op 27 Februarie 1881) aan waaghalsige offensiewe optrede te danke was. Soos in 1881 het die Boere in 1899 die meeste van hul burgers (ongeveer 17 500 van die 35 000 wat aanvanklik gemobiliseer is) in Natal ontplooi,<sup>57</sup> terwyl die Britte se kwesbaarste front, naamlik dié aan die Garieprivier, vir weke lank onaangetas gelaat is. Toe die Boere die Kaapkolonie teen die middel van November 1899 wel oor die Garieprivier binnegeval het, was dit slegs op beperkte skaal. Dit is dus geen wonder dat daar geen grootskaalse rebellie plaasgevind het nie.

Ten einde die Boere se passiewe, defensiewe strategie te begryp, moet hul godsdienstige opvattinge verreken word. Baie Afrikaners<sup>58</sup> het hul in die loop van die negentiende eeu met die lotgevalle van die Israeliete in die Ou Testament geïdentifiseer. Vir die meeste Boere was imperiale uitbreiding en die daarmee gepaardgaande bloedvergiëting onaanvaarbaar. Hulle wou egter nie in konfrontasie met die Britte verkeer nie, en vir die meeste Boere was die gedagte om teen mede-blanke Christene te veg afstootlik. Bowenal wou hulle nie as aggressors gebrandmerk word nie. Hulle wou nie Britse grondgebied impalm nie, slegs maar dit wat hul eie was beskerm. Gevolglik het hulle verkies om bloot die vyandelike gebied op beperkte skaal binne te val en defensiewe stellings in te neem. Vanuit

---

56. Kyk bv. F.A. VAN JAARVELD *et al.* (reds.), *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling, 1877-1884* (HAUM, Pretoria, 1980); J.H. LEHMANN, *The First Boer War* (Cape, London, 1972); M.C. VAN ZYL, *Majuba: die onafhanklikheidsoorlog van die Transvaalse Afrikaners (1880-1881)* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1981); G.R. DUXBURY, *David and Goliath: the First War of Independence, 1880-1881* (Suid-Afrikaanse Krygshistoriese Museum, Johannesburg, 1981) en J.H. BREYTENBACH en J. PLOEGER, *Majuba gedenkboek* (CUM Boeke, Roodepoort, 1980).

57. J.H. BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1 (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1969), pp. 158-162.

58. Hoewel die Afrikanervolk (en Afrikaanse taal) teen 1899 nog aan’t ontwikkel was, word die term hier in die algemene sin van die woord gebruik.

hierdie afweerfronte het hulle gehoop om die oprukkende magte keer op keer terug te dryf totdat 'n vreedsame skikking onderhandel kon word.

Hoe goed bedoeld hierdie siening ook al was, militêr-strategiese gesproke was dit naïef en het dit die Boere met verloop van tyd duur te staan gekom. In plaas van – om 'n Duitse term uit die Tweede Wêreldoorlog te gebruik – *Blitzkrieg* oor wye fronte te voer wat die Britse infrastruktuur kon ontstig, was die Boere tevrede met *Sitzkrieg* rondom Ladysmith, Kimberley en Mafikeng. Gulde strategiese geleenthede, wat hul nooit weer sou voordoen nie, is verspeel en die grondslag vir 'n uitgerekte en bloedige konflik is gelê. Die stryd het met verloop van tyd kenmerke van sowel 'n burgeroorlog as 'n totale oorlog vertoon. Die konflik het al die inwoners (van alle rasse) in die oorlogsgebied op een of ander wyse geraak, en het tot grootskaalse verwoesting en die dood van meer as 50 000 wit en swart burgerlikes in Britse konsentrasiekampe aanleiding gegee. Ten einde hierdie kwessies in perspektief te plaas word die militêr-strategiese verloop van die oorlog vervolgens kortliks ontleed.

## **5. Die militêr-strategiese verloop van die stryd**

Die algemene verloop van die Anglo-Boereoorlog is welbekend en word dus nie hier vermeld nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel is dit wel nodig om kortliks 'n oorsig van die strategiese verloop van die stryd te gee ten einde die strategieë wat deur beide kante gevolg is in konteks te kan evalueer. Die strategiese verloop het ook implikasies vir die wyse waarop die oorlog in fases verdeel word. Met inagneming van die feit dat periodisering altyd 'n element van kunsmatigheid bevat, bly periodisering belangrik vir die vorming van historiese kennis.<sup>59</sup> Deur middel van periodisering word 'n historiese koördinaatsisteam daargestel en gepoog om die andersins verwarrende beeld van die verlede-werklikheid te orden.<sup>60</sup> Historiese periodisering kan dus as 'n middel tot konseptualisering beskou word en as 'n poging om sin te maak uit en struktuur te gee aan die stroom van die geskiedenis en die massa gegewens wat (aanvanklik ongeorden) daarin vervat is.<sup>61</sup>

Uit die studie van ongeveer 40 bekende monografieë wat oor die Anglo-Boereoorlog handel, blyk dit dat weinig outeurs die periodiseringsproblematiek

---

59. H.J. VAN DER POT, *De periodisering der geschiedenis: een overzicht der theorieën* (Van Stockum en Zoon, Den Haag, 1951), pp. 11-13.

60. F. GRAUS, "Epochenbewusstsein – Epochenillusion" in R. HERTZOG en R. KOSELLECK (reds.), *Epochenschwelle und Epochenbewusstsein* (Fink, München, 1987), p. 533.

61. L.W. SPITZ, "Periodization in history: Renaissance and Reformation" in C. DELLZELL (red.), *The future of history* (Vanderbilt University Press, Nashville, 1977), pp. 189-190.

behoorlik aangespreek het.<sup>62</sup> Verskillende maatstawwe kan gebruik word om ‘n oorlog in fases te verdeel, byvoorbeeld die aard van die stryd (konvensioneel of onkonvensioneel), die dominante militêre bevelvoerder tydens ‘n bepaalde periode (wat lei tot benamings soos die Buller-fase en die Roberts-fase) en selfs seisoene (byvoorbeeld die Britte se winterveldtog van April tot September 1901, en daarna hul lenteveldtog van September tot Desember 1901).

‘n Meer funksionele en sinvoller periodisering word bewerkstellig deur as uitgangspunt te neem die feit dat die verloop van enige oorlog in die eerste plek deur strategie – hoe goed of sleg ook al uitgewerk of geïmplementeer – bepaal word. Dan volg dat elke keer wanneer óf die Boere óf die Britte hul militêre strategie gewysig het, ‘n nuwe fase begin het. Sodoende word ‘n funksionele raamwerk of struktuur geskep waarbinne, of aan die hand waarvan, die Britse en Boerestrategie, asook enige ander dimensie of faset van die oorlog, sinvol bestudeer en geëvalueer kan word.

Teen bogenoemde agtergrond kan die Anglo-Boereoorlog as ‘n oorlogsdrama in vier bedrywe (hooffases) met talle tonele (subfases) beskou word. Die eerste drie hooffases was semi-konvensionele fases, naamlik die beperkte Boere-offensief (Oktober-November 1899), die eerste Britse offensief (November 1899-Februarie 1900) en die tweede Britse offensief (Februarie-November 1900). Die vierde hooffase was die guerrillafase (Maart 1900-Mei 1902). Aangesien die eerste guerrillagevegte reeds tydens die tweede Britse offensief plaasgevind het, kan ‘n oorgangsfase (Maart-November 1900) geïdentifiseer word.

Tydens die eerste hooffase het die Boere aanvanklik oor ‘n getalsoormag beskik, maar hulle het nie die strategiese inisiatief behoorlik uitgebuit nie – hulle het volstaan deur die Kaap en Natal slegs op beperkte skaal binne te val, Kimberley, Mafikeng en Ladysmith te beleër (waardeer ‘n groot persentasie van hul burgers grootliks passief gelaat is), en afweerfronte te vorm in afwagting van die Britte se teenoffensief. Buller was aanvanklik van plan om die OVS direk vanaf suid van die Garieprivier binne te val, na Bloemfontein op te ruk en dan verder noordwaarts na Pretoria. By sy aankoms in Kaapstad op 31 Oktober 1899 het hy die situasie egter so ernstig geag, dat hy besluit het om eerder sy leërkorps in vier dele te verdeel. Terwyl kleiner leërafdelings na die Kimberley-, Colesberg- en Noordoos-Kaapse front afgedeel is, het Buller met die grootste deel van sy leërkorps na Natal gegaan.<sup>63</sup>

---

62. A. WESSELS, “Die fases van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): ‘n funksionele indeling”, *Acta Academica*, 23(2), Mei 1991, pp. 53-60 en A. WESSELS, *The phases of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 1998), pp. 5-19.

63. Kyk A. WESSELS, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: ‘n oorsig van die militêre verloop van die stryd* (Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 1991), pp. 9-13, 15.



Indien Buller by sy oorspronklike veldtogplan gebly het, sou die strategiese swaartepunt in die loop van November 1899 na die Colesberg-front verskuif het, maar deur al meer soldate in Natal te konsentreer het dié oorlogsektor se strategiese belangrikheid toegeneem – buite verhouding tot die werklike strategiese waarde wat ‘n plek soos Ladysmith vir die Britte gehad het. Die tweede hoof fase van die oorlog het in die praktyk op 21 November 1899 ‘n aanvang geneem toe lord Methuen sy opmars vanaf Oranjerivierstasie begin het in ‘n poging om Kimberley te ontset. Sy opmars is afgelas nadat hy op 11 Desember 1899 te Magersfontein verslaan is. Reeds die vorige dag is genl.-maj. W.F. Gatacre te Stormberg aan die Noordoos-Kaapse front verneder en toe Buller self op 15 Desember te Colenso gestuit is, het die Britte hul oënskynlik in ‘n onhoudbare strategiese posisie bevind. In die praktyk was dit egter nie werklik die geval nie, want die Boere het aan geeneen van die fronte hul taktiese suksesse met daadkrachtige offensiewe aksie opgevolg nie. Gevolglik het die Britte steeds die strategiese inisiatief behou, is hulle toegelaat om hul posisies te konsolideer en kon hulle vir ‘n volgende offensief voorberei. Buller het vanaf die derde week in Januarie 1900 talle hernieude dog telkens onsuksesvolle pogings aangewend om na Ladysmith deur te breek, maar strategies het dit nie veel invloed op die oorkoepelende verloop van sake uitgeoefen nie.<sup>64</sup>

Die strategiese betekenis van die drie sogenaamde ‘Black Week’-neerlae van 10-15 Desember 1899 was op bevelsvlak buite verhouding groot in vergelyking met die taktiese gebeure. Die neerlae het die Britse regering en publiek naamlik so ontsenu dat besluit is om lord Roberts, die veteraan-veldmaarskalk wie se roem op sy suksesse in Indië en Afganistan berus het, na Suid-Afrika te stuur om Buller as opperbevelhebber te vervang. Met verloop van tyd het dié besluit die strategiese situasie in Suid-Afrika radikaal verander. Nadat Roberts, vergesel van sy staf, op 10 Januarie 1900 te Kaapstad voet aan wal gesit het, het hy eers sy leer in Suid-Afrika geherorganiseer en toe sy hoofmag aan die Modderrivier suid van Kimberley gekonsentreer. Op 11 Februarie 1900 het hy sy omvangryke indirekte strategie van stapel gestuur. Die OVS is binnegeval en genl. Piet Cronjé se Magersfonteinsettings is omvleuel. Vervolgens is Cronjé te Paardeberg vasgekeer en na tien dae tot oorgawe gedwing. Daarna het die Britte ooswaarts opgeruk en – na afloop van twee gevegte onderweg – Bloemfontein op 13 Maart 1900 sonder teenstand beset.<sup>65</sup>

Roberts se groot flankmars vanaf die Modderrivier na Bloemfontein kan vergelyk word met sy epiese mars vanaf Kabul na Kandahar, Afganistan, in 1880. In die bestek van sowat vier weke het Roberts die Boere fisies, strategies en sielkundig ontwrig en die ganse strategiese situasie in Suid-Afrika radikaal verander. Ná

---

64. *Ibid.*, pp. 16-22.

65. Kyk bv. A. WESSELS (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902* (Sutton, Stroud, 2000), pp. 10-33, 39-63.

Paardeberg kon die Boere die oorlog nie meer wen nie – hul kon die stryd bloot verleng. Ten einde bestek op te maak van hul strategiese situasie het beide die republikeinse presidente en talle vooraanstaande Boerebevelvoerders ‘n krygsraadsvergadering op 17 Maart 1900 te Kroonstad bygewoon. Tydens hierdie belangrike byeenkoms is onder meer besluit om pogings te laat vaar om die oorweldigende Britse leërs vanuit verdedigingstellings te probeer stuit, en om eerder in vinnig bewegende kommando’s te verdeel, die Britse toevoerlinies aan te tas en kleiner Britse Leëreenhede deur middel van tref-en-trap-aanvalle lastig te val.<sup>66</sup> Hierdie was die teoretiese begin van ‘n nuwe strategiese fase in die oorlog, naamlik die guerrillafase wat tot in Mei 1902 sou voortduur.

Intussen het Roberts sy leër, wat uitgeput was en geteister is deur maagkoors, in Bloemfontein laat uitrus alvorens hy sy opmars op 3 Mei voortgesit het – nou direk noordwaarts al langs die hoofspoorlyn in die rigting van Pretoria. In ooreenstemming met hul nuwe strategie, maar ook omdat daar nie meer genoeg burgers gemonster kon word om goeie afweerfronte te vorm nie, het die Boere nie veel weerstand gebied nie. Nadat Johannesburg op 31 Mei sonder teëstand beset is, het Roberts Pretoria op 5 Junie ook sonder weerstand ingeneem. Hoewel Roberts geweldig vinnig vordering gemaak het, het hy die Boere laas te Abrahamskraal-Driefontein (10 Maart) op redelike groot skaal tot slag gebring. Hy het gehoop dat met die inname van die Boere se hoofstede, die stryd verby sou wees,<sup>67</sup> maar hy het hom totaal misgis. Weldra het dit geblyk dat Roberts ‘n ernstige strategiese flater begaan het deur toe te laat dat die Boere se guerrilla-eenhede deur sy linies breek om in sy rug aanvalle te loods.

Uit bogenoemde oorsig is dit duidelik dat die derde hoof fase van die oorlog (Roberts se offensief) oorvleuel met die vierde hoof fase (die guerrillastryd). Toe Roberts besef dat sy inname van die republikeinse hoofstede nie die einde van die oorlog beteken het nie, het hy sy hoofleër ooswaarts al langs die spoorlyn na Delagoabaai (tans Maputo) ontplooi. Hierdie leër is in Augustus 1900 met Buller se Natal Field Force, wat intussen Ladysmith ontset en daarna noordooswaarts deur Noord-Natal en Suidoos-Transvaal opgeruk het, verenig. Hoewel hoofkmdt. Marthinus Prinsloo aan die einde van Julie met meer as 4 000 burgers in die Brandwaterkom (Oos-OVS) oorgegee het, het De Wet sy guerrilla-aktiwiteite voortgesit. Met verloop van tyd het die guerrillastryd ook na Transvaal uitgebrei en in Desember 1900 nog verder geografies geëskaleer toe ‘n hele aantal Boere die Kaapkolonie binnegeval het – kort nadat Kitchener op 29 November by Roberts

---

66. Kyk bv. J.H. BREYTENBACH, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 5 (Die Staatsdrukker, Pretoria, 1983), pp. 156-180.

67. BRITISH LIBRARY (Londen), Lansdowne Papers, L(5) 48: Roberts-Lansdowne, 7.6.1900 (brief).

as opperbevelhebber oorgeneem het. Roberts het na Engeland teruggekeer, vas oortuig dat nog net ‘polisiewerk’ nodig was om die oorlog te beëindig.<sup>68</sup>

Roberts het die Boere strategies uitoorlê, maar hulle nie takties verslaan nie. Hoewel Roberts dit reeds nodig geag het om streng proklamasies uit te vaardig teen Boere wat nog voortgeveg het, plase af te brand, wit en swart burgerliks na kampe weg te voer en enkele fortifikasies op te rig ten einde sleutelpunte te beskerm, was dit Kitchener se onbenydenswaardige taak om ‘n leër wat konvensioneel opgelei was (met offisiere wat onderleg was in die beginsels van konvensionele militêre strategie) te transformeer tot ‘n mobiele antikommando-gevegsmasjien wat al hoe meer onkonvensioneel aangewend moes word in ‘n poging om die mobiele Boerekommando’s te probeer vastrek. Kitchener se omvangryke anti-kommando-strategie het beteken dat die aard van die stryd geheel en al verander het. Op grondvlak is die oorlogsgebied deur middel van ongeveer 8 000 blokhuse en doringdraadversperrings in ‘veghokke’ verdeel. Mobiele Britse kolonnes (vergesel van gewapende swart of bruin gidse/soldate en/of joiners – dus mense wat die terrein goed geken het) het gepoog om die kommando’s deur middel van dryfjagte teen die blokhuis- en doringdraadversperrings vas te druk.<sup>69</sup>

Ten einde die Boere hul bronne van kos, skuiling en inligting te ontnem, is groot dele van die voormalige Boererepublieke verwoes en die wit en swart burgerlike bevolking na konsentrasiekampe weggevoer, waar ongeveer 28 000 blankes en ten minste 20 000 (maar waarskynlik baie meer) swartes gesterf het – talle as gevolg van die gebrek aan gesonde kos, mediese geriewe en sanitasie en algemene swak administrasie.<sup>70</sup> Die Britte se verskroeiende aarde-beleid was deel van hul omvattende anti-guerrilla militêre strategie. Vanuit Britse oogpunt gesien was die Boereplase legitieme militêre teikens, want hulle was deel van die Boere se logistieke en inligtingsnetwerk. Militêr-strategies gesproke was die Britse optrede dus ook geregverdig. Die Britse leër (dit wil sê die leër van die wêreld van destyds se enigste supermoondheid) was tydens die guerrillafase vasgevang in wat – om laat twintigste-eeuse terme te gebruik – toenemend as ‘n Viëtnam-situasie beskou kan word. Die Britse leërleiding sou tereg enigiets doen om die situasie te beredder. Hul optrede teen die burgerlike bevolking was tegelyk militêr-strategies gesproke geregverdig en wreedaardig – ‘n voorloper van die totale oorloë en meedoënlose antiguerrilla-veldtogte van die twintigste eeu en verder.

---

68. A. WESSELS (red.), *Lord Roberts and the war in South Africa 1899-1902*, pp. 89-149.

69. Kyk bv. J. HATTINGH en A. WESSELS, *Britse fortifikasies in die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* (Oorlogsmuseum, Bloemfontein, 1997), p. 19 *et seq.* en P. WARWICK, *Black people and the South African War, 1899-1902* (Cambridge University Press, Cambridge, 1983), *passim*.

70. Kyk bv. S.B. SPIES, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900-May 1902* (Human & Rousseau, Cape Town, 1977).

Militêr gesproke het Roberts en Kitchener nie veel van 'n keuse gehad as om 'n verskroeiende aarde-beleid te implementeer nie. Hul opdrag was immers om die Boererepublieke te onderwerp. Hulle sou dus uiteraard alle middele tot hul beskikking aanwend om die oorwinning te behaal.

Hoewel die Britse antiguerrilla-strategie die Boerekommando's in 'n mindere of meerdere mate gehinder het, het dit nie noodwendig 'n demper op guerrilla-aktiwiteite geplaas nie. Veral in Wes-Transvaal (waar De la Rey 'n besondere rol gespeel het), die OVS en dele van die Kaapkolonie het die guerrillastryd onverpoos voortgewoed en was dit waar dat hoewel die Britte die dorpe en kommunikasielinië besit het, hulle andersins net in beheer was so ver as wat hul gewere en kanonne kon skiet. Pres. Steyn het simbool van die republikeinse versetstryd geword,<sup>71</sup> terwyl De Wet (by wie se kommando Steyn die meeste van die tyd was) die krag agter die voortgesette gewapende stryd was.

## 6. Evaluering

Teen die agtergrond van dit wat in onderafdeling 2 oor strategie en die beginsels van strategie gesê is, en die kursoriese uiteensetting in onderafdeling 5 van die strategiese verloop van die oorlog, word ten slotte enkele toepassings gemaak.

Die feit dat nóg die Britte nóg die Boere die oorlog met 'n duidelike en weldeurdagte militêre strategie (en weldeurdagte alternatiewe strategiese moontlikhede) aangepak het, het beide kante – en uiteindelik veral die wit, swart en bruin burgerlikes in die oorlogsgebied – duur te staan gekom. Die Boerebevelvoerders se gebrekkige kennis van strategie en die beginsels wat dit onderlê, kan as 'n rede vir hul gebrek aan ware strategiese sukses gedurende die eerste oorlogsmaande aangevoer word. Nieteenstaande die Britse offisiere se opleiding, wat die bestudering van strategie ingesluit het, het hulle steeds talle ernstige strategiese en ander flaters begaan. Die uitgestrekte vlaktes en moeilik begaanbare bergagtige dele van Suid-Afrika was die begraafplaas van die militêre reputasie van die meeste senior Britse offisiere wat met hoë verwagtinge na die oorlogsgebied afgevaar het.

Buller, wat laas in 1884-1885 in die Sudan te velde die bevel gevoer het, het as strateeg en militêre leier gefaal. Dit het hom aan kreatiewe verbeelding ontbreek<sup>72</sup> en hoewel hy van beter moes gewees het, het hy die Boere se vermoëns onderskat.<sup>73</sup> In kritieke oomblikke het hy gehuiwer, onbeslis voorgekom en oënskynlik oorhaastig opgetree of geoorreageer op gebeure. Dit het hom aan

---

71. M.C.E. VAN SCHOOR, *President M.T. Steyn: sy rol in die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing 28, Pretoria, 15.9.1999).

72. W.B. PEMBERTON, *Battles of the Boer War*, p. 36.

73. J. SYMONS, *Buller's campaign* (Cresset, London, 1963), p. 111.

morele krag ontbreek. Deur sy leërkorps te verdeel het hy sy slaankrag verswak. Hy het nie sy mag gedelegeer nie, maar geabdikeer.<sup>74</sup>

Hoewel Roberts aanvanklik fenomenale strategiese sukses behaal het, het hy hom na die inname van Bloemfontein aan te konvensionele strategiese denke skuldig gemaak. Kol. G.F.R. Henderson (die militêre historikus na wie reeds verwys is) het Roberts as laasgenoemde se Direkteur van Militêre Inligting vergesel. Henderson het Roberts gehelp om sy aanvanklike indirekte strategie uit te werk, het benadruk dat die Boere deeglik te velde verslaan moes word en dat die inname van die republikeinse hoofstede nie die einde van hierdie betrokke oorlog sou beteken nie. Selfs voor Cronjé se oorgawe moes Henderson weens swak gesondheid na Brittanje terugkeer en dit wil voorkom of Roberts sonder sy bekwame adviseur weldra strategies gesproke die kluts kwytgeraak het.<sup>75</sup> Roberts het veel meer soldate, kanonne en ander krygsmiddele as Buller tot sy beskikking gehad, maar hy het nie die strategiese en ander foute wat Buller gemaak het, behoorlik verreken nie. Uiteindelik moes Kitchener die kastaaiings uit die vuur krap – ten koste van die plaaslike burgerlike bevolking.

Op die vooraand van die oorlog en gedurende die eerste paar maande van konflik het die Boere hul magte strategies gesproke verkeerd gekonsentreer. Hulle kon van meet af aan hul leërs in kleiner mobiele eenhede verdeel het ten einde die Britse kolonies op soveel plekke as moontlik binne te val en na die hawestede op te ruk. Hulle het te laat tot die offensief oorgegaan en nie hul aanvanklike getalsuperioriteit behoorlik benut nie. Hul sterkste wapen was in meer as een opsig hul mobiliteit, maar hulle het dit nie met offensiewe optrede en verrassing gekombineer nie. Ook Buller het nie sy leërkorps suksesvol gekonsentreer nie; trouens, hy het gefouteer deur van sy oorspronklike strategie af te wyk en sy mag in vier te verdeel. Sy offensief (aan al die fronte) was te tradisioneel van aard (en nie indirek nie) en gevolglik het hy nooit daarin geslaag om die Boere werklik strategies te verras nie – iets wat Roberts wel in Februarie 1900 met die implementering van sy omvangryke indirekte strategie vermag het.

Aanvanklik was tyd aan die Boere se kant, maar hulle het dit nie strategies benut nie. Gevolglik is Buller en later Roberts toegelaat om ongehinderd hul leërs te ontplooi. Die ruimtes van die oorlogsgebied het aanvanklik aan die Boere behoort, maar hulle het nie die unieke geleentheid benut om die Britse gebiede diep binne te dring nie. Deur in Maart 1900 tot guerrilla-oorlogvoering oor te gaan het die Boere vir die eerste keer hul mobiliteit ten volle benut, maar toe het hulle reeds ‘n deel van hul mag deur oorgawe en demoralisering (hendsoppery) verloor. Vanuit Britse strategiese oogpunt gesien was die guerrillastryd toenemend ‘n stryd teen die wye

---

74. N. DIXON, *On the psychology of military incompetence* (Random House, London, 1976), pp. 55-57.

75. ANDRÉ WESSELS PRIVATE DOKUMENTEVERSAMELING (Bloemfontein), G.F.R. Henderson (lêer): verskeie dokumente.

oop ruimtes van die oorlogsgebied, iets wat vanaf veral 1901 deur middel van blokhuis- en doringdraadlinies en deur dryfjagte aangespreek is. Hoewel die Boere nooit geheel en al militêr verslaan is nie en die oorlog inderdaad nog etlike maande kon voortduur, was Kitchener se antiguerrilla-maatreëls wel relatief gesproke suksesvol. Die maatreëls het toenemend die Boere se vryheid van aksie aan bande gelê en die strategiese inisiatief was feitlik deurgaans in Britse hande.

Selfs gedurende die eerste vier oorlogsmaande, toe die Britte talle taktiese neerlae gely het, het hulle steeds die strategiese inisiatief behou. Van kragdadige strategiese agtervolging (in opvolging van taktiese oorwinnings) was daar nooit werklik aan Boerekant sprake nie.

Sowel die Britte as die Boere was strategies aanpasbaar, hoewel dit nie vinnig plaasgevind het nie. Die Boere moes eers 'n ernstige terugslag te Paardeberg en die verlies van Bloemfontein beleef voordat hulle besluit het om tot bewegingskryg (guerrilla-oorlogvoering) oor te gaan, en selfs toe het dit nog etlike maande en nog meer verliese (soos in die Brandwaterkom) gekos alvorens al die Boerebevelvoerders tot die nuwe strategie bekeer is. Die Britte het van meet af aan en maande lank gesukkel om by plaaslike omstandighede en die Boere se onkonvensionele gevegsmetodes aan te pas. Na verloop van agt maande was beide die republikeinse hoofstede in Britse hande, maar toe dit blyk dat dit nie die einde van die stryd was nie, het dit die Britte weer eens etlike maande geneem om min of meer by die nuwe (guerrilla-) stryd aan te pas wat intussen uitgebreek het. Uiteindelik kon die Britte slegs daarin slaag om dié uitdaging te bowe te kom en die Boere na die onderhandelingsstafel te dwing deur teen die burgerlike bevolking oorlog te verklaar (as deel van 'n omvattende antiguerrilla-strategie) en groot dele van die oorlogsgebied in 'n woesteny te omskep.

Die Boere het van meet af aan oor 'n goeie inligtingstelsel beskik,<sup>76</sup> terwyl die Britte soms gesukkel het om korrekte inligting te bekom. Hoewel die Britte in die oë van die meeste lande (asook 'n deel van die Britse bevolking) die aggressors was, het die Boere hul met die aard van die openbare mening in die buiteland misgis. Alhoewel miljoene mense op voetsoolvlak met die Boere gesimpatiseer het, het daar bitter min materiële steun na die kant van die Boere gekom. Daar het ook nie soveel Kapenaars as wat aanvanklik verwag is, gerebelleer nie. Die Boere se moreel het vanaf Februarie 1900 die een skok na die ander gekry en hoewel talle burgers selfs teen Mei 1902 nog bereid was om onder haglike omstandighede voort te veg, was dit lankal reeds strategies gesproke futiel om die stryd te verleng. Van ware strategiese leierskap of veldheerkuns was daar deurgaans aan beide kante nie veel sprake nie. Die sukses wat behaal is, was hoofsaaklik takties van aard – maar uiteindelik het die Britte wel hul politieke doelwit verwesenlik deurdat die Boere hul republikeinse onafhanklikheid verloor het.

---

76. Kyk bv. H.J.G. KAMFFER, *Om een scherpe oog in't zeil te houden: die geheime diens van die Zuid-Afrikaansche Republiek* (Ph.D., P.U. vir C.H.O. [Vaaldriehoekcampus], 1999).

‘n Hele aantal buitelandse militêre attachés het die oorlog te velde meegemaak, sommige aan Boere- en ander aan Britse kant. In hul verslae oor wat hul in Suid-Afrika aan die krygsfronte ervaar het, was hulle krities oor sowel die Britte as Boere se strategiese en taktiese flaters.<sup>77</sup> Die militêre opperbevelhebbers in Brittanje en ander lande het deeglik kennis geneem van die lesse wat daar uit die strategiese verloop van die Anglo-Boereoorlog geleer kon word en waar moontlik het militêre hervormings plaasgevind.<sup>78</sup>

In alle oorloë word foute gemaak en dit is gewoonlik dié kant wat die minste fouteer of hul opponente se foute die beste uitbuit, wat uiteindelik seëvier. Strategies gesproke was die Anglo-Boereoorlog vir beide die Britte en die Boere ‘n stryd van verspeelde strategiese geleenthede. Uiteindelik het die Britte deur mistastings heen hul weg na ‘n omstrede militêre oorwinning gevind.

Weens die Britte se strategiese flaters tydens die eerste drie hooffases van die stryd, het die oorlog langer geduur as wat die meeste kenners verwag het en is die lyding aan beide kante daardeur verleng en vererger. Hoewel die oorlog ‘n skok was vir die Britse Ryk en dit die Britte in ‘n sekere sin meer skade berokken het as byvoorbeeld die Krim-oorlog (1854-1856) en die Indiese Mouterij (1857-1858), was dit die Afrikaners wat die meeste gely het. Dit is ironies dat indien die Boere ‘n vinnige neerlaag gely het, hulle die ellende van afbrandings, konsentrasiekampe en verraad in eie geleedere gespaar sou gebly het. Die swart en bruin inwoners van die oorlogsgebied het natuurlik ook nie aan die gevolge van die militêre operasies ontkom nie.

Deur die eeue heen het die Latynse spreuk *si vis pacem, para bellum* (as jy vrede verlang, berei voor op oorlog) nog altyd groot betekenis ingehou. Liddell Hart (na wie reeds verwys is) het die kernidee van hierdie spreuk verder verfyn deur te beweer dat wie vrede verlang, *begrip* moet hê vir oorlog.<sup>79</sup> Dit is teen genoemde agtergrond dat ‘n pleidooi vir die bestudering van strategie en militêre geskiedenis verstaan moet word. Dit is geen pleidooi vir die bevordering van militarisme nie; intendeel, dit vorm deel van ‘n poging om juis te voorkom dat ‘n samelewing gemilitariseer en/of te maklik na die wapen gegryp en mense getraumatiseer word.

---

77. Kyk bv. verslae deur buitelandse waarnemers gepubliseer in *Militaria* 4(1), 1973, pp. 1-34; 4(2), 1974, pp. 1-12; 5(1), 1975, pp. 46-56; 5(2), 1975, pp. 54-65; 5(3), 1975, pp. 1-21 en 5(4), 1975, pp. 49-59, asook M.C.E. VAN SCHOOR (red.), “Depêches van die Russiese attaches, kol. Stakhovitch en lt.kol. Gurko”, *Christiaan de Wet-annale* 3, 1975, pp. 123-201.

78. Kyk bv. J. STONE en E.A. SCHMIDL, *The Boer War and military reforms* (University Press of America, Lanham en London, 1988), *passim* en H. STRACHAN, “The Boer War and its impact on the British Army, 1902-14” in P.B. BOYDEN, A.J. GUY en M. HARDING (reds.), *Ashes and blood”: the British Army in South Africa 1795-1914* (National Army Museum, London, 1999), pp. 85-98.

79. B.H. LIDDELL HART, *Strategy: the indirect approach* (4de uitgawe, Faber and Faber, New York, 1967), p. 373.

## **Abstract**

### **Military strategy during the Anglo-Boer War (1899-1902): a reappraisal after 100 years**

It is the purpose of this study to ascertain what the nature and extent of the British and Boer strategic planning (if any) before the outbreak of the Anglo-Boer War was, to indicate how they implemented their strategies, and to show what the implications of their strategies were for both the military course of events during the war as well as for the civilian population (of all races) in the war zone.

To start off with, the terms *strategy* and *tactics* are explained and compared, and a review is given of the principles of strategy. Thereafter the British preparations for a war in what is today South Africa, are discussed, and it is concluded that when the war broke out on 11 October 1899, Britain was not ready to take on the two small Boer republics. However, the Boers also neglected to plan properly for war, and consequently they squandered their only chances to defeat the British Army in South Africa to such an extent that the British government might have been forced to negotiate a peace treaty that would have guaranteed Boer independence.

A review is given of the military-strategic course of events during the war, and it is clear that the war was one of missed strategic opportunities for both the British and the Boers. Eventually the British Army blundered its way to a contentious victory, leaving behind a trail of destruction and bitterness.